

Onderwerp: Voorsorg voorkom nasorg

Wildboere spandeer jaarliks 'n astronomiese hoeveelheid geld aan die aankoop en welstand van hulle wild. Die oprigting van kwaliteit omheining en brandpaaie is die beste manier om hierdie belegging gestand te doen, maar min boere besef die onskatbare waarde van die suksesvolle onderhoud van omheining en brandpaaie.

Onkruid- en plantegroei beheer rondom heinings

Attie Smuts, HUB van Chemvet Steel & Fencing, is passievol oor die instandhouding van wildomheining. "Miljoene rande se skade is verlede winter aan wild, weiding en heinings aangerig. Baie van dié skade kon voorkom gewees het as die nodige voorsorg met behulp van voorbrande en chemiese onkruidbeheer betyds gedoen was," begin Attie.

Om te keer dat moeder natuur weer die pad terugvat wat van haar geneem was, moet voorbrande, brandpaaie en plantvrye bane gereeld behandel word. Die breedte van die onkruidsones word bepaal deur die hoeveelheid digtheid en hoogte van plantegroei in u area. Onder normale omstandighede is 'n strook dieselfde hoogte as die heining, aan beide kante van die heining, voldoende. Die aanvanklike koste vir 'n 2.4m heining met 'n onkruidvrye sone van 5m beloop ongeveer R1,800 per km. Dit verlaag egter drasties gedurende die tweede en derde jaar, aangesien die hoeveelheid onkruid doder elke jaar met ongeveer 50% verminder.

Hoekom is onkruid- en plantegroei beheer nodig?

- Onkruid en plantegroei gelei krag uit die elektriese omheining wat lei tot oneffektiewe funksionering,
- Bome en struik kan heinings omstoot,
- Onkruid vang vog vas op die heining wat roes bespoedig,
- Sigbaarheid van die heining vir wild word verbeter.

Chemiese- teenoor meganiese onkruid- en plantegroei beheer:

Chemiese onkruid- en plantegroei beheer word voorgestel aangesien:

- Dit minder arbeidsintensief is,
- Resultate vinniger bereik word en 'n langer uitwerking het,
- Geen meganiese skade aan die omheining,
- Boomspeesies word meer effektief beheer.

Omheiningsonderhoud

"Met die regte onderhoud op omheinings kan jou omheining tussen 50 en 60 jaar effektief bly," verduidelik Attie verder. "Met ons klimaat van uiterstes word ons gedwing om pale, stutte en y-ysterpale en sparre op 'n gereelde basis oor te verf." Bitumen Aluminium word aanbeveel op silwer pale, terwyl koue teer of Quattro Cote gebruik word om op die sparre en y-ysterpale sowel as bindplekke oor te verf. Gewone kreosoot word gebruik vir die behandeling van houtpale en sparre. Roes begin altyd daar waar die galvaniseringslaag van die binddraad, tydens oprigting beskadig word. Die lewensduur van die heining sal ook aansienlik verleng word as die totale heining direk na oprigting, met die regte produk, behalwe die staaldraad, oorgeverf word.

Attie voeg by dat 'n groot aantal wildboere begin om die waarde van gegalvaniseerde pale en stutte te besef. "Die aanvanklike koste mag hoog klink, maar enige verdere onderhoud op pale en stutte word vir die volgende 40 – 50 jaar uitgeskakel." Gebruik altyd 'n tensiometer vir die korrekte spanning van staaldrade tydens oprigting. Die grootste oorsaak van staaldrade wat breek tydens veldbrande, is waar die drade te styf gespan was. Die korrekte spanning is 1.37KN – 1.50KN, oftewel 137kg – 150kg vir die 2.24 mm staaldraad wat meestal gebruik word.

Vroeg somer is die beste tyd om onkruid- en plantegroei effektief te beheer, aangesien groei dan die mees effektiefste is, terwyl onderhoud op omheining reg deur die jaar gedoen kan word. Skakel gerus vir Attie

Smuts by 011-437-9000 vir meer inligting oor
hoe om maksimale opbrengste uit jou
omheiningbelegging te kry. Soos die
spreekwoord lui: Voorsorg voorkom nasorg.

Totale aantal woorde: 574